



**AFRIKAANS HUISTAAL: VRAESTEL I
(LEESVRAESTEL – LU 2 EN LU 4)**

Tyd: 3 uur

100 punte

LEES ASSEBLIEF DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Die vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n addendum van 4 bladsye wat die onderskeie tekste bevat. Maak asseblief seker dat jou vraestel volledig is.
 2. Afdeling A bevat daardie vrae wat oor nie-literêre tekste gestel word.
 3. Afdeling B is kontekstuele vrae oor gedigte. Daar is DRIE vrae oor die voorbereide gedigte (Vrae 5 – 7). Beantwoord slegs twee van hierdie vrae. Die ongesiene gedig (Vraag 8) is verpligtend.
 4. Begin elke vraag boaan 'n nuwe bladsy. Nommer jou antwoorde presies volgens die vraestel.
 5. Skryf slegs aan een kant van die bladsy.
 6. Lees asseblief die instruksies by ELKE vraag noukeurig en voer die opdragte presies daarvolgens uit.
 7. Dit is in jou eie belang om netjies en duidelik leesbaar te skryf.
 8. Goeie taalgebruik en spelling sal natuurlik in jou guns tel.
-

AFDELING A**VRAAG 1 BEGRIPLEES EN GEÏNTEGREERDE TAALGEBRUIK**

Hierdie vraag verwys na Leesstuk 1 '**Voor in die wapad brand ... 'n kers'** op bladsy 1 van die addendum. Lees die teks noukeurig deur en beantwoord dan die volgende vrae:

- 1.1 Lees weer paragraaf 1:
- Hierdie teks lyk asof dit 'n brief is. Dink jy dit is in die briewekolom van die koerant gepubliseer? Gee twee redes vir jou antwoord. (2)
- 1.2 Waarom word 'Ouboet' in paragraaf 3 met 'n hoofletter geskryf, maar nie in paragraaf 1 nie? (1)
- 1.3 In paragraaf 2 word daar 'n kras woord gesuggereer. Dink jy dit is funksioneel/ paslik om so 'n woord in die koerant te publiseer? Motiveer jou antwoord noukeurig. (2)
- 1.4 Verwys na paragraaf 3:
- 1.4.1 Die skrywer sê in hierdie paragraaf: 'ons moet seker bly wees'. Watter toon, dink jy, word in hierdie frase gebruik? (1)
- 1.4.2 Haal 'n voorbeeld aan waar die afstandskoppelteken gebruik word en verduidelik kortliks wat die funksie van hierdie skryfteken is. (1)
- 1.4.3 Verduidelik die dubbelsinnigheid in die laaste reël van hierdie paragraaf. (1)
- 1.5 Wat, dink jy, word bedoel met 'n 'beurtkragverkeerslig' (par. 4)? (1)
- 1.6 Herskryf die volgende sinne of frases uit paragraaf 4 sodat die Omgangsafrikaans verander na Standaardafrikaans:
- 1.6.1 Daai arme ou het nie 'n koeken *clue* nie. (1)
- 1.6.2 ... presies reg *ge-time* ... (1)
- 1.7 In paragraaf 5 (en verder) word daar 'n woordspeling gemaak met die naam van 'n bekende elektrisiteitsverskaffer.
- 1.7.1 Watter betekenis word gesuggereer met die benaming, 'Eksdom'? Gebruik die korrekte naam van die verskaffer in jou antwoord. (2)
- 1.7.2 Dink jy hierdie redelik beledigende woordspeling is geregverdig? Gee 'n goeie rede vir jou antwoord. (2)
- 1.8 Die volgende vrae verwys na paragraaf 8:
- 1.8.1 Wat beteken die gesegde: 'om die kat in die donker te knyp'? (1)
- 1.8.2 'n Uitnodiging word dikwels afgesluit met die woorde: 'Sien jou daar!' Waarom is dit paslik dat hierdie uitnodiging eindig met die woorde: 'Voel jou daar!?' Gee twee redes. (Verwys ook na 1.8.1.) (2)

- 1.9 In paragraaf 10 wei die skrywer uit oor hoe **minderwaardig** die kragprobleme in Suid-Afrika hom laat voel. Verduidelik nou die verband tussen hierdie gevoel en die skrywer se gebruik van woorde soos 'koffietjie' en 'haakplekkie'. (2)
- 1.10 Lees weer paragraaf 11. Dui telkens aan watter een van die volgende sinsdele figuurlik (konnotatief) en watter een letterlik (denotatief) gebruik word. Skryf slegs jou antwoord langs die nommer.
- 1.10.1 'Onse president Thabo maak nou vuur onder Eksdom se base,' (1)
- 1.10.2 '... ons gewone outjies maak al heeljaar lank vuur'. (1)
- 1.10.3 Verduidelik nou hoe dié twee sinsdele se betekenis verskil. (1)
- 1.11 Wat, dink jy, bedoel die skrywer met die gebruik van die woord 'Suid-Zimbabwe' (par. 12) binne die konteks van hierdie teks? (2)
- 1.12 Lees weer paragraaf 12 asook die titel van die berig. Verduidelik nou die funksie van die stippels (ellips) in die titel. (2)
- [27]**

VRAAG 2 TAALVAARDIGHEID EN OPSOMMING

Lees die artikel '**Radikale Eerlikheid**' (leesstuk 2 in die addendum) deeglik deur en beantwoord dan die volgende vrae.

- 2.1 2.1.1 Watter funksie het die aanhalingstekens in die woord 'eerlike' in paragraaf 1? Neem die inhoud in ag. (1)
- 2.1.2 Ons lees hier van 'n sielkundige en psigoterapeut. Wat noem ons 'n mediese dokter wat mense met ernstige sielkundige probleme met behulp van medikasie behandel? Spel korrek. (1)
- 2.1.3 In paragraaf 6 is daar 'n leesteken uitgelaat. Skryf slegs die sinsdeel oor, maar verskaf die leesteken. (1)
- 2.1.4 Kyk na die volgende sin uit par. 5: 'Jy moet altyd die waarheid, die volle waarheid en niks behalwe die waarheid nie, vertel.' Skryf nou dié sin in die Lydende Vorm (Passief) en verduidelik hoekom hierdie vorm eintlik beter in die konteks van die leesstuk pas. (2)

- 2.2 Jy is 'n joernalis by 'n jeugtydskrif. Die redakteur vra jou om die artikel 'Radikale Eerlikheid' deur Herman Scholtz te verkort na 'n lysie wenke oor wanneer om eerlik te wees en wanneer nie. Jy het die skrywer se toestemming om sy artikel te gebruik.

OPDRAG:

Som **die skrywer** (Herman Scholtz) se wenke oor Radikale Eerlikheid op deur **puntsgewys** 'n lysie te maak van sy raad. Gee jou opsomming **'n nuwe, oorspronklike titel**. Jou opsomming moet **ernstig en raadgewend** wees.

Belangrik:

- Skryf die wenke in jou eie woorde en in volsinne.
- Nommer elke wenk.
- Gebruik 'n maksimum van 80 woorde. Reken die titel se woorde ook hierby in. Dui die aantal woorde onderaan jou lysie aan.
- Korrekte taalgebruik en spelling is belangrik.

LET WEL:

As enige van die bogenoemde aanwysings nie gevolg is nie, sal dit jou punte negatief beïnvloed.

Jou opsomming sal met 'n metingskaal beoordeel word. (10)

[15]

VRAAG 3 ADVERTENSIE

Bestudeer die advertensie op bladsy 3 van die addendum en beantwoord dan die vrae hieronder:

- 3.1 Op watter maniere sluit die spotprent van die advertensie aan by die woord 'Ramkat'? (2)
- 3.2 Die afkorting 'snw' word hier nie korrek volgens streng taalreëls gebruik nie. Nogtans is dit verstaanbaar. Waarvoor, dink jy, staan die afkorting 'snw' (ná die vetgedrukte woord 'Ramkat')? (1)
- 3.3 Die kopie (geskrewe woorde) onder die spotprent lyk soos 'n verklarende woordeboek-inskrywing. Noem drie redes waarom dit hierdie indruk skep. (3)
- 3.4 Verwys na die woorde: '1. Manlike (of ander) persoon wat besonderlik goed geprester het'.
Waarom, dink jy, het die kopieskrywer die woorde 'of ander' in hakies bygevoeg? (2)
- 3.5 Wat is die stam (morfeem) van die woord 'bewondering'? Skryf die woord neer en gebruik dit dan in 'n volsin waarin die betekenis van die woord duidelik blyk. (2)
- 3.6 Wat verstaan jy onder die woord 'sinonieme' (uit die advertensie)? (1)

- 3.7 Op die oog af lyk dit of daar moontlik drie verskillende dinge hier geadverteer word: die taal Afrikaans, die tydskrif *Insig* en die maatskappy *Media24*. Wat, dink jy, is die verband tussen hierdie drie dinge? (3)
- 3.8 Op watter manier word die leser by die advertensie betrek? (Wenk: kyk na die banier onder die 'woordeboekinskrywing'.) (2)
- 3.9 Die tydskrif *Insig* het in 2006 skielik van die winkelrakke af verdwyn. Kyk weer na die inskrywing 5 van die kopie. Verduidelik die ironie van hierdie inskrywing in die lig van dié inligting. (2)

[18]

VRAAG 4 VISUELE GELETTERDHEID EN TAALVAARDIGHEID

Leesstuk 4 in die addendum is 'n spotprent deur Fred Mouton. Beskou die prent aandagtig en beantwoord dan die volgende vrae:

- 4.1 4.1.1 Noem twee vorme van onprofessionele gedrag van onderwysers wat in hierdie spotprent visueel uitgebeeld word. (2)
- 4.1.2 Die man regs is duidelik 'n karikatuur van 'n Rasta. Bo en behalwe sy hare, op watter ander visuele maniere word hierdie karikatuur ondersteun? (2)
- 4.2 Op watter twee maniere word daar met die woorde in die spraakborrel aangedui dat die spreker heel moontlik dronk is? (2)
- 4.3 Op watter manier ondersteun die tekening van die spreker die idee dat hy dronk is? (Noem ten minste twee.) (1)
- 4.4 Noem een van die vele spreekwoorde of uitdrukkings in Afrikaans wat gebruik word om aan te dui dat iemand dronk is. (1)
- 4.5 Verduidelik die ironie van die woorde in die spraakborrel. (2)

[10]

70 punte

AFDELING B POËSIE

Doen enige TWEE voorbereide gedigte (uit vrae 5, 6 en 7). Vraag 8 is verpligtend.

VOORBEREIDE GEDIGTE**VRAAG 5****Skeepsverslag: Titanic** *deur M.M. Walters*

1 Hollanders het die skip beplan, maar dit was
 2 Engelse wat gebou en uiteindelik geloods het –
 3 en almal is tog ou kenners van die water.
 4 Nietemin te veel was die geloof en selfversekering
 5 dat niks hom kon laat sink nie:
 6 het die beskermheer van skepe dan nie self
 7 die projek gewil nie, dié invaar in die donker,
 8 dié wit eiland van lig en glansende weerkaatsing ...
 9 Agterna gesien, was die toerusting onvoldoende.
 10 Die skokkendste erkenenis: geen verkykers of soekligte.
 11 Maar luukses was volop en uitspattig: marmer-
 12 vuurmaakplekke, dubbele toilette, miniatuurgholfbane,
 13 swembaddens, rye kroeë en hemelbeddens
 14 waarin die rykes kon hoereer, selektief, privaat,
 15 terwyl hul voortvaar na die beloofde land,
 16 hulle skatte veilig in die kluipe.
 17 Senders van kleiner skepe het gewaarsku:
 18 julle vaar in 'n gevaarlike seisoen, daar's 'n kilte
 19 in die lug, ysberge in die onbekende water
 20 en vol verandering is die warrelende winde.
 21 Maar die luuksereus was doof, sy antennes
 22 ingestel op uitstraal, nie interpreteer nie.
 23 Bowenal wou sy kaptein hom nie laat steur nie,
 24 nié deur kapteintjies wat nie kaarte ken nie.
 25 Die ysrots was nie sigbaar in die nag nie
 26 en die staal móés skeur toe dit nie meer kon buig nie.
 27 Chaos het geheers in offisierskajuite – reddingsbote
 28 is nie eens almal neergelaat nie,
 29 wanhopige passasiers het in die see gespring
 30 en dié wat nie die moed had of bly hoop het,
 31 het op die agterstewe saam met die orkes
 32 bly sing: Nader my God by U – onverstaanbaar
 33 sê enkele oorlewendes, omdat die woorde in Afrikaans was.

- 5.1 Lees weer strofe een. Waarna, dink jy, verwys die woorde: 'dié wit eiland van lig en glansende weerkaatsing ...' (versreël 8)? (1)
- 5.2 In strofe 2 word daar 'n hele paar versreëls afgestaan aan al die luukses op die skip. Dink jy dit is onnodig om soveel voorbeelde op te noem of dra dit by tot die sukses van die gedig? Verduidelik jou antwoord. (3)
- 5.3 Verwys na die woorde 'die luuksereus was doof' (versreël 21). Watter vorm van beeldspraak word hier gebruik? (1)
- 5.4 Waarom, dink jy, word die verkleiningsvorm 'kapteintjies' in versreël 24 gebruik? (1)

- 5.5 Die laaste versreël van die gedig lyk met die eerste oogopslag baie vreemd. Dit blyk egter by nadere ondersoek dat die gedig gelees kan word as 'n metafoor vir die Suid-Afrikaanse geskiedenis.

Verduidelik die stelling hierbo en lig jou antwoord toe met spesifieke verwysings uit die gedig.

(4)

[10]

ÉN/ ÓF

VRAAG 6

Maaltyd deur P.J. Philander

- 1 Ou moeder met haar hoepelrokkie
en stywe kappie, staan hande gevou
in die vorm van 'n koperklokkie
vir smôrens, smiddags en vir nou.
- 5 Die blou bord en die skoon servet,
die helder bril, die Bybel oop,
en teen die hoë muur haar groot portret
hou my aan haar steeds vasgeknoop.
- 9 En op die gladde, blink buffet,
glimmend in die skerp lig van die lamp,
skyn sy nou in die seëngebed,
leef sy nou in die wasige damp.
- 13 Sy was eers goud, heel later silwer,
nou's sy koper waar sy staan,
maar met elke lui dan skilfer
af ... die grasgroenspaan.
- 6.1 Watter verband is daar tussen die titel en die woorde in versreël 4? (2)
- 6.2 Waarvoor, dink jy, is die koperklokkie 'n metafoor in hierdie gedig? (1)
- 6.3 Verwys na die tweede strofe:
- 6.3.1 Waarom hou die bord, servet, bril en Bybel die spreker 'vasgeknoop' aan 'haar'? (1)
- 6.3.2 Spreek jou uit oor die sukses van die gebruik van die woord 'vasgeknoop'. (2)
- 6.4 Verduidelik die **progressie** in die laaste strofe deur te verwys na beide die klokkie asook die beeld wat dit in die gedig aangeneem het. (4)

[10]

ÉN/ ÓF

VRAAG 7

Die dans van die reën deur *Eugène N. Marais*

Lied van die vioolspeler, Jan Konterdans, uit die Groot Woestyn

1 O die dans van ons Suster!
 2 Eers oor die bergtop loer sy skelm,
 3 en haar oge is skaam;
 4 en sy lag saggies.
 5 En van ver af wink sy met die een hand;
 6 haar armbande blink en haar krale skitter;
 7 saggies roep sy.
 8 Sy vertel die winde van die dans
 9 en sy nooi hulle uit, want die werf is wyd en die bruilof groot.
 10 Die grootwild jaag uit die vlakke,
 11 hulle dam op die bulttop,
 12 wyd rek hulle die neusgate
 13 en hulle sluk die wind;
 14 en hulle buk, om haar fyn spore op die sand te sien.
 15 Die kleinvolk diep onder die grond hoor die sleep van haar voete,
 16 en hulle kruip nader en sing saggies:
 17 'Ons Suster! Ons Suster! Jy het gekom! Jy het gekom!'
 18 En haar krale skud,
 19 en haar koperringe blink in die wegraak van die son.
 20 Op haar voorkop is die vuurpluim van die berggier;
 21 sy trap af van die hoogte;
 22 sy spreid die vaal karos met altwee arms uit;
 23 die asem van die wind raak weg.
 24 O, die dans van ons Suster!

- 7.1 Waarom, dink jy, is dit toepaslik dat Jan Konterdans juis uit die 'Groot Woestyn' sou kom en hierdie lied sou skryf? (1)
- 7.2 Verduidelik ten minste twee maniere waarop die woord 'O' in die eerste versreël die stemming in die gedig bepaal. (2)
- 7.3 Dit is vanuit die staanspoor af duidelik dat die reën gepersonifiseer word as 'n suster. Verduidelik die **progressie** van die *dans* van ons suster deur te verwys na die werkwoorde 'wink', 'roep', 'vertel' en 'nooi' in die eerste strofe **en** die reaksie van die diere in die tweede strofe. (3)
- 7.4 Lees weer versreël 14. Waarna verwys 'haar fyn spore op die sand' heel moontlik? (1)
- 7.5 Wie of wat, dink jy, is die kleinvolk waarna daar verwys word in versreël 15? (1)
- 7.6 Hierdie gedig het nie 'n vaste rympatroon of formele strofepbou nie. Noem twee maniere waarop die gedig tog eenheid behou. Verwys na beide die vorm en die inhoud van die gedig. (2)

[10]

ÉN

VERPLIGTE VRAAG

VRAAG 8 ONVOORBEREIDE GEDIG

Die skoolhoof – *SJ Pretorius*

1 Hy't gholf- en tennisballe ver gedryf,
op tiekie-aande heen en weer gedraf
langs kraampies 'om die boufonds mee te styf',
weke op die grasperke deurgebring,
5 posisies uitgedeel, en op die staf

het sy bewonderaars mekaar verdring.
Sy mening is steeds met ontsag gehoor,
sy grappe steeds gevolg deur 'n lagkoor.

10 Toe het hy afgetree, maar na dié end
besluit om trug te keer as assistent.

Hy het sy hand weer laggend uitgesteek
maar haastig het die hande by sy greep
verby gegryp – na iemand ágter hom.
Die drukte om hom het meteens verstom,
15 (om iemand anders het hul saamgedrom)

so regop soos hy was, het hy verkrom,
sy grappies was bebaard óf sonder sout,
hy't nooit besef die winters is só koud,
só eensaam by die tafel in sy jas
20 as hy sy broodjies uithaal uit sy tas.

En later het hy deurmekaar geraak,
'n gholfbaan van sy kamervloer gemaak,
die kryt die bal, die vloer die baan se gras:
24 'n nar geword waar hy eens koning was

WOORDVERKLARINGS

tiekie – silwer muntstuk (in die ou geldstelsel in Suid-Afrika)

kraampies – stalletjies

styf – versterk/ ondersteun

- 8.1 Noem twee eienskappe van die skoolhoof wat in versreël 1 – 4 uitgebeeld word. (2)
- 8.2 Watter woorde dui 'n duidelike wending aan in hierdie gedig? Haal 'n frase aan. (1)
- 8.3 Wie, dink jy, is die 'iemand ágter hom' waarna daar verwys word in reël 13? (1)
- 8.4 Die woorde 'Die drukte om hom het meteens verstom,' (reël 14) staan in direkte kontras met 'n versreël in die eerste strofe. Haal hierdie versreël aan en verduidelik die kontras kortliks. (2)
- 8.5 Verduidelik die ironie in die laaste versreël van hierdie gedig. (1)
- 8.6 Kyk weer na die rympatroon in hierdie gedig. In strofe 1 is die rympatroon minder voorspelbaar as in strofe 2 en 3. Op watter manier ondersteun dit die sentrale tema in die gedig? (1)
- 8.7 Wat, dink jy, probeer hierdie gedig vir ons sê oor die magsgesposies waarin mense hulleself bevind? (2)

[10]

30 punte

TOTAAL VIR HIERDIE VRAESTEL: 100 PUNTE